Kroniek van Dertien Geslagte Labusc(h)agne

Die afstammingslyn van Casper Jeremiah Labuschagne (1929)

Ter inleiding

Die bedoeling van die kroniek is om in grote lyne ’n oorsig te gee van my familiegeskiedenis vanaf ons oudste bekende Franse stamvader **Abram Labuscagne** tot en met my kleinkinders. Hierdie geskiedenis beslaan vier eeue, van die 2de dekade van die 17de eeu tot die 2de dekade van die 21ste eeu. So’n beskrywing was eers moontlik toe dit absoluut seker was dat die afstammingslyn korrek was. Klik op http://www.labuschagne.nl/familie/familie.htm.
In 2006 was ek in staat om die ononderbroke afstammingslyn van 13 geslagte definitief vas te stel. Wat Frankryk en Nederland betref, op grond van my eie navorsing, en wat Suid-Afrika betref, op grond van gegewens in prof. F.J. Labuschagne se boek *Die Labuschagnes*, uit 1981, en die navorsing van ons familie-genealoog mnr. Herman Labuschagne, gepubliseer in sy familiestamboom op internet. Vir die geskiedenis van die sesde tot en met die negende geslag kon ek gebruik maak van gegewens oor die familie wat Sus Hettie versamel het. Onafhanklik van mekaar het ons op presies dieselfde afstammingslyn uitgekom!

Maar eers moet ek iets sê oor die spelling van ons familienaam. Hoewel ons van in die ou tyd

sowel in Europa as in die Kaap de Goede Hoop op verskillende maniere gespel is, het Pierre self sy naam altyd as *Labuscaigne* geteken, die spelling wat hy van sy vader oorgeneem het. Op grond van die feit dat ons naam ontleen is aan ’n dorp in Frankryk, *Labuscagne*, of *La Buscagne*, kan ons met sekerheid sê dat dit die oorspronklike spelling is. Die familie in Frankryk het hierdie spelling (met of sonder die i) gebruik. Vir die gemak gebruik ek daarom die oorspronklike spelling *Labuscagne* en Pierre se spelling *Labuscaigne* vir die Frans-sprekende voorouers (Abram, Estienne en Pierre). Vanaf die vierde en vyfde geslag in Suid-Afrika – Jean en sy kinders en kleinkinders - gebruik ek *Labuscagne* of *La Buscagne* en probeer soveel moontlik die spelling te gebruik wat in die beskikbare dokumente te vinde is. Vir die sesde en sewende geslag – vanaf Casper Jeremias (de Oude) wat sy naam as *Labuschanie* (met sch!) geteken het, gebruik ek *Labusc(h)agne*, omdat die sch-spelling toe ook al in my afstammingslyn ingesluip het. Hierdie skyfwyse het na die Groot Trek in Natal en in die voormalige Oranje Vrystaat en Transvaal die gangbare vorm geword.

Eintlik sou die spelling soos dit in die doopregisters voorkom, altyd vermeld moet word, maar helaas kon ek die registers self nie insien nie. Van Coenraad Labuscagne, self uit die Noord-Oos Kaap afkomstig, het ek gelukkig die presiese inskrywings in die doopregister van Cradock (1827-1836) ontvang, waar die naam byna altyd as *La Buscagne* gespel is. Volgens Coenraad kom die spelling *Labuscagne* vanaf 1764-1826 in die Kaap nie minder as 12 keer voor nie. ’n Sistematiese ondersoek na die spelling van ons naam is dringend nodig.

‘n Probleem by die spelling van name is dat die spelling wat deur die skriba in die doopregister gebruik is, nie noodwendig dié is wat die mense self gebruik het nie. Dit blyk byvoorbeeld uit die feit dat *Casper Jeremias*, stamvader van die sesde geslag (ook ‘Jan Soon’ en ‘de Oude’ genoem) in Cradock by sy doop ingeskryf is as *La Buscagne*, maar sy naam as *Labuschanie* geteken het (in ’n ‘opgaaf’ uit 1801 van sy besittinge), met ’n ***h*** en sonder die ***g***.

Dat hy die ***g*** weggelaat het, kan daarop wys dat hy die naam nog op die Franse manier uitgespreek het: *Labuskaanië / Labuskaanjie*. In ander dokumente uit die Kaap is die spelling *de la Boscanje, Labus Canye en Labescanje* aangetref, wat die oorspronklike Franse uitspraak bevestig. Vir 'n uitgebreide bespreking van die spelling, uitspraak en betekenis van ons naam verwys ek na die tweede hoofstuk in Deel 1 van die *Gedenkboek van ons Familieplanting*, ter geleentheid van die 300ste verjaardag van Pierre se aankoms in die Kaap. Die Gedenkboek is in feite 'n beskrywing van die geskiedenis van ons Franse voorouers (die eerste vyf geslagte).

Deel 1 word in 'n Nederlandse versie ook beskikbaar gestel op internet: De Franse Voorouders van de familie Labuschagne. Omdat ek hierin die geskiedenis van de eerste drie geslagte in Europa uitvoerig beskryf het, sal ek in die Kroniek volstaan met 'n kort oorsig. Vanaf die vierde geslag (die geskiedenis van Pierre en Marie Anne en hulle kinders in die Kaap) sal ek gebruik maak van alle moontlike informasie wat ek kon bekom uit die Suid-Afrikaanse argiewe en ons eie familie-oorlewering.

Om die **stamvader** en **stammoeder** van elke geslag duidelik te laat uitkom, is hulle in **blou**.

Eerste Geslag (in Monbazillac)

Abram Labuscagne ± 1615 gebore op die plaas Pontacq, Escassefort?; getroud ± 1636 met **Jeanne Artieu** in Monbazillac, naby Bergerac, Frankryk

Kinders:

Jean Labuscagne gedoop 10-5-1637 in Monbazillac

Isaac Labuscagne gedoop 23-6-1641 in Monbazillac

Estienne Labuscagne vermoedelik ook in Monbazillac gebore en gedoop ± 1643.

Die familie Labuscagne het hulle naam ontleen aan 'n dorp *Labuscagne* (ook *La Buscagne* gespel), waar hulle oorspronklik gewoon het.

Abram (Habran/Habrant) Labuscagne is die oudste bekende Franse voorvader van alle Suid-Afrikaanse Labuschagnes, Labuscagnes en Labuscaignes. Van hom is maar weinig bekend. Wat ons wel weet is dat hy ouderling was van die plaaslike Protestantse Kerk in die wyk Colombier by Kasteel Monbazillac – 'n paar kilometer suid van Bergerac aan die Dordognerivier. Hy is oorspronklik afkomstig uit die distrik Escassefort waar sy ouers op 'n plaas met die naam Pontacq gewoon het.

Deur die vervolging van die Hugenote tydens die godsdiensoorlog wat daar in daardie streek gewoed het (1621-1629), het hy daarvandaan gevlug, saam met sy broer **Isaac** en sy suster **Suzanne** en 'n veilige heenkome gevind in die noordeliker geleë stadjie Monbazillac, by die Kasteel Monbazillac, naby Bergerac. Abram is ± 1636 getroud met **Jeanne Artieu**, wie se familie al in Monbazillac gevestig was. Hulle het drie seuns gehad: **Jean** (1637), **Isaac** (1641) en **Estienne** (± 1643), die twee ooms en die vader van ons Suid-Afrikaanse stamvader **Pierre**. Hulle is aldrie in Monbazillac gebore, waar Abram in diens van die kasteelheer as kleremaker gewerk het. Daar het hulle grootgeword en by hulle vader Abram die vak van kleremaker geleer, maar hulle het hulle later in die stad Bergerac gaan vestig, as kleremakers.

Wanneer die drie broers hulle in Bergerac gevestig het is nie precies te sê nie, maar dit moes ongeveer tussen die jare 1658 en 1662 gewees het. In elk geval weet ons dat hulle in die ou wyk Terrier gewoon het, in die suidooste van die stad aan die noordoewer van die Dordogne. Van **Isaac** weet ons dat hy as eerste sy naam as **Labuscaigne** geteken het. Hy was getroud

met **Anne Duqueyla**, wat hom drie kinders geskenk het. Hulle enigste seun, **Isaac**, het onder die naam **Samson** deur die lewe gegaan, die naam van sy peetvader Samson Passalaygue. Hy was dus ’n neef van Pierre, wat vier jaar jonger as hy was. Samson het in 1692 as 21 jarige jonge man geprobeer om uit Frankryk te vlug, maar is gearresteer en tot lewenslange gevangenisstraf veroordeel, wat ses jaar later verander is in veroordeling tot die galeie. Daar het hy dit vyftien jaar volgehou en so die verskrikkinge wonderbaarlik oorleef. Na 21 jaar vryheidsberowing is hy in 1713 deur die Franse Kerk in Amsterdam vrygekoop, waar hy as ‘meester-kleremaker’ gewerk het. Hy was drie keer getroud. Sowel sy eerste as sy tweede vrou, wat hom twee kinders geskenk het, het nie lank geleef nie. Sy derde vrou het hom oorleef toe hy in 1736 oorlede is. Sy enigste seun Samson is jong oorlede en sy dogter Catherine in 1801. Sy was twee keer getroud, maar of sy kinders gehad het weet ons nie.

Tweede Geslag (in Bergerac)

Estienne Labuscaigne gebore ± 1643 in Monbazillac, getroud in Bergerac 17-3-1664 met **Suzanne Fredet/Fradet** (dogter van NN Fredet en Françoise Denugon)
Kinders:
Isaac Labuscaigne gebore 29-12-1664, gedoop 3-3-1665 in Bergerac
Jacob Labuscaigne gebore 24 Julie 1666, gedoop 15-8-1666 in Bergerac
Jean Labuscaigne gebore 28-12-1668, gedoop 3-5-1669 in Bergerac (jong oorlede)
David Labuscaigne gebore 23-8-1670, gedoop 1-9-1670 in Bergerac
Elizabeth Labuscaigne gebore 28-11-1671, gedoop 25-12-1671 in Bergerac
Pierre Labuscaigne gebore in Bergerac en gedoop 23-9-1675
Abraham Labuscaigne gebore 31-10-1677, gedoop 31-10-1677 in Bergerac
Suzanne Labuscaigne gebore in Bergerac en gedoop 19-10-1678
Jean Labuscaigne gebore 26-9-1682 in Bergerac, gedoop 4-10-1682 in Lamonzie
Catherine Labuscaigne gebore 26-12-1686, katoliek gedoop 29-12-1686 in Bergerac.

Links is die stadswapen van **Bergerac** te sien. **Estienne** en **Suzanne** het 7 seuns en 3 dogters gehad. Hulle oudste seun, **Isaac**, het in 1687 gevlug, maar wat verder van hom geword het is onbekend. Ook weet ons nie hoe dit met die gesin Labuscaigne gegaan het nadat ook **Pierre** nege jaar later, in 1696, ook gevlug het nie. Ons kon sy spoor in elk geval goed volg: sy veilige aankoms in Frankfurt waar hy ’n jaar vertoef het, sy aankoms in Amsterdam in 1697 waar hy iets meer as ’n jaar gebly het, en sy verblyf in Enkhuizen tot en met sy vertrek na die Kaap in 1711.

Derde Geslag (in Nederland en die Kaap)

Pierre Labuscaigne in Bergerac gebore en gedoop 23-9-1675, oorlede in Paarl 21-10-1742; getroud 3-8-1703 in Leeuwarden met
Maria Anna Bacot (Marie Anne) in Leeuwarden Sondag 2-3-1679 gebore en gedoop (dogter van François Bacot en Josine Hulscher) oorlede in Paarl 17…
Kinders:
Jeanne Bernardine Labuscaigne in Enkhuizen Sondag 13-7-1704 gebore en gedoop; oorlede in Paarl in Junie 1734

Jean Labuscaigne in Enkhuizen gebore 16-10-1706 en gedoop 17-10-1706; oorlede in Paarl 17-11-1753
François Labuscaigne in Enkhuizen gebore 6-10-1708, gedoop 7-10-1708; oorlede in Paarl net voor, of op 26 Mei 1730

Pierre in Nederland

Links is die stadswapen te sien van **Enkhuizen**, die beroemde vissersstad aan die Zuiderzee. Van die lewensomstandighede van Pierre in, Noord-Holland, weet ons heelwat. Byvoorbeeld dat hy sy brood verdien het as kleremaker en dat hy getroud is met ’n meisie uit Leeuwarden, Friesland (dogter van ’n Franse vader uit Tours en ’n Nederlandse moeder uit Groningen). Pierre en sy vrou was lidmate van die Franse kerk en hulle het êrens in Torenstraat gewoon, naby die Zuiderkerk, waar al drie hulle kinders gebore is en grootgeword het. Deur ekonomiese omstandighede moes Pierre teen die einde van 1710 noodgedwonge ander werk soek en so is hy as tamboer deur die Verenigde Oost-Indische Compagnie in diens geneem op die skip die Brug, wat op 11 Januarie 1711 uit die hawe van Texel na Batavia in Oos-Indië vertrek het. Daar het hy nooit aangekom nie, maar weens siekte in die Kaap agtergebly om nooit meer na Nederland terug te keer nie. Ses lange jare moes Marie Anne alleen vir die gesin sorg en rondkom van ’n klein toelae van haar man. Dit was eers in 1717 dat sy en die kinders, wat toe 13, 11 en 9 jaar oud was, na die Kaap kon afreis om by Pierre in Paarl aan te sluit. Daar het hulle hom in groot armoede en onder erbarmlike omstandighede aangetref. Want ook vir Pierre was die ses jaar wat hy stoksiel alleen in die Kaap deurgebring het bittere jare.

Pierre in die Kaap

Toe die VOC-skip, die Brug, na meer as vier maande op see, op 14 Mei 1711 in Tafelbaai die anker laat sak het, het Pierre siek van boord gekom. Hy was so siek dat hy dadelik hospitaal-toe geneem is waar hy verpleeg moes word.



A[nn]o 1711 voor Enchuysen

Credit

Ult[tim]o mey p[…]r d'e[dele] comp[agnie] ƒ 42.-.- over 4 m[aanden] en 20 d[agen] gagie à ƒ 9.-.- p[e]r maand, verdient tzed[er]t den 11en january a[nn]o stantie,
dat met desen bodem uyt Texel sijn gezeyld,
tot heden dat door indispositie aan Cabo de Goede Hoop in 't hospitaal verblijft ƒ 42.-.-
D[it]o idem over soo veel te quaat blijft ƒ 126.-.-
Somma ƒ 168.-.-

D[it]o heeft alhier zijn nevenstaande schult van ƒ 150.-.- inged[ien]t ƒ 24.-.-
't […] aan de Cabo de Goede Hoop…… ƒ 126.-.-
[…] nog aan de Caap, dat met stilstand van
gag[ie] en verbonden tijt in leningh gaat ƒ 150.-.-
per saldo te goet…… ……ƒ 27.-.-

1712 aug[ustus], nog aan de Caap, onder stilstant van gagie, dog in comp[agnies] kassa
getelt voor de 3 m[aanden] vermakinge een zomma van ƒ 27.-.-
1713 d[it]o als vooren en wederom in cassa getelt ƒ 27.-.-
1714 d[it]o als vooren en wederom in cassa getelt ƒ 27.-.-
1715 d[it]o idem als vooren ƒ 27.-.-
1716 d[it]o idem als vooren ƒ 27.-.-
1717 d[it]o idem als voren ƒ 27.-.-
1718 d[it]o idem als voren van sijn dienst ontslagen en tot burger aangestelt
1719 d[it]o continueert in vrijdom
1720 d[it]o continueert in vrijdom
1721 d[it]o als vooren
1722 d[it]o als vooren
1723 d[it]o als vooren
1724 d[it]o als vooren
1725 d[it]o als vooren
1726 d[it]o als vooren
1727 d[it]o als vooren
1728 d[it]o als vooren
1729 d[it]o als vooren
1730 d[it]o als vooren
1731 d[it]o als vooren
1732 d[it]o als vooren
1733 d[it]o als vooren
1734 d[it]o als vooren
1735 d[it]o als vooren
1736 d[it]o als vooren
1737 d[it]o als vooren
1738 d[it]o als vooren
1739 d[it]o als vooren
1740 d[it]o als vooren
1741 d[it]o als vooren
1742 d[it]o als vooren
1743 d[it]o als vooren
1744 d[it]o als vooren
1745 d[it]o als vooren tot den 21 october 1742, vrouw en kind nalatende is overleden

Pontac Manor, Paarl, op Pierre Labuscaigne se erf

Oor die Kaapse jeugjare van die kinders weet ons so goed as niks. **Jeanne Bernardine** is in 1724 in Stellenbosch getroud met Johan Marisse (later as Maritz uitgespreek en gespel). Hulle is die stamouers van alle Maritze in Suid-Afrika en het self vier kinders gehad, waarvan drie in Stellenbosch gebore is en één in Tulbagh. Toe Jeanne en Johan kort na mekaar in 1734 oorlede was, is hul kindertjies grootgemaak deur hulle oupa en ouma, ooms en tantes.

Vierde Geslag (in die Kaap)

Jean Labuscagne in Paarl getroud op 11-11-1731 met
Elisabeth Beysselance (afkomstig uit Amsterdam, dogter van Pierre Beysselance), gebore in Cork, Ierland?) en oorlede in Paarl op of net na 2-9-1736
Kinders:
Maria Anna Labuscagne gedoop in Paarl 28-11-1732
Anna Catharina Labuscagne gedoop in Paarl 19-9-1734
Pieter Labuscagne gedoop 2-9-1736, getroud met Maria Nortjé 3-5-1756, en later, 26-2-1769, met Johanna Botha), oorlede 10-2-1786

Jean Labuscagne in Paarl hertroud op 17-11-1739 met
Gesina Geestje Steenkamp in Drakenstein gebore en gedoop 4-7-1723 (dogter van Jan Harmenszoon Steenkamp en Jannetje van Eck)
Kinders:
Jan Harm/Harmse Labuscagne in Paarl gebore en gedoop 21-8-1740
Casper Jeremias Labuscagne in Swartland gebore en gedoop ongeveer 1746
Frans Labuscagne gedoop 6 April 1749, seker jong oorlede
Johanna Labuscagne gedoop in Swartland 8-11-1750
Frans Labuscagne gedoop in Cradock (?) 22-10-1752, vervangkind

Vyfde Geslag (in die Kaap)

Jan Harm Labuscagne in Paarl getroud op 29-5-1766 met
Johanna Dorothea Coetzer (dogter van Johannes Jacobus Coetzer en Johanna Nel) gebore 19-11-1747, sterfdatum onbekend
Kinders:

Jan Labuscagne (Lang Jan) in Kamdebo gebore, in Paarl gedoop 12-4-1767

Casper Jeremias Labuscagne (Jan Soon, de Oude) gebore/gedoop in Cradock 2-12-1770, oorlede op Kliprivier, distrik Ladysmith, Natal 13-3-1860

Johanna Maria Labuscagne in Kaapstad? gedoop 4-4-1773

Gesina Labuscagne in Paarl of Graaff Reinet gebore voor 2-4-1775

Frans Jacob Labuscagne in Swellendam gedoop 9-11-1777

Johannes Jacobus Labuscagne in Paarl gedoop 29-10-1781

Sesde Geslag (in die Kaap)

Casper Jeremias Labusc(h)agne (Jan Soon, de Oude) op 5-7-1795 getroud met **Petronella Catharina Nel** gedoop 7-2-1779, dogter van Willem Nel en Maria Anna Labuscagne, sterfdatum onbekend

Kinders:

Jan Harm Labusc(h)agne (Rooi Jan) in Graaff Reinet gedoop 2/3-10-1796, oorlede op Bedrog, distrik Utrecht

Willem Adriaan Labusc(h)agne in Graaff Reinet gedoop 23-12-1798, oorlede op Elandskraal, Kliprivier, ditrik Ladysmith

Casper Johannes Labusc(h)agne in Graaff Reinet gebore 18-11-1801 (tweelingbroer van Casper Jeremias), jong oorlede

Casper Jeremias Labusc(h)agne (Casper Soon, Veldkornet en Volksraadslid in Natal) in Graaff Reinet gebore 18-7-1801, oorlede 5-4-1872 Vaalpoort, Harrismith/Warden

Jacobus Johannes Christoffel Labusc(h)agne gebore 5-11-1805, gedoop 31-3-1806 in Tulbach, oorlede Oktober 1868 (Vaalpoort?) Harrismith/Warden

Johanna Dorothea Aletta Labusc(h)agne in Graaff Reinet gebore 27-1-1807, gedoop 22-5-1808, oorlede in 1846

Frans Lourens Labusc(h)agne in Graaff Reinet gebore 9-4-1811 en gedoop 1-3-1812, oorlede te Mains, Ladysmith 15-1-1870

Petronella Catharina Geertruida Gesina Labusc(h)agne in Graaff Reinet gebore 18-7-1813 en gedoop 5-6-1814.

Sewende Geslag (in die Kaap en Natal)

Casper Jeremias Labusc(h)agne (La Buscagne) (Casper Soon, Veldkornet en Volksraadslid in Natal – twee foto's beskikbaar) in Cradock 5-1-1824 getroud met
Anna Susanna Duporetta Labusc(h)agne (La Buscagne) weduwee van Willem Botha (dogter van Jan Hendrik Labusc(h)agne (Lang Jan?) en Dorothea van Deventer) gebore te Tarkastad, gedoop 28-10-1804, oorlede 18-3-1877 op Vaalpoort, Harrismith/Warden.
Kinders:
Geertruida Susanna Labusc(h)agne (La Buscagne) in Cradock geb. 1-1-1825, gedoop 4-4-1825
Casper Jeremias Labusc(h)agne (La Buscagne) in Cradock geb. 27-11-1826, gedoop 2-4-1827
Petronella Catharina Johanna Aletta Labusc(h)agne (La Buscagne) Cradock geb. 16-5-1829
Jan Hendrik Christoffel Labusc(h)agne in Cradock gebore 27-1-1830 en gedoop 5-6-1831, oorlede 7-2-1912
Anna Susanna Elizabeth Labusc(h)agne (La Buschagne) in Cradock gebore 9-10-1833 en gedoop 8-4-1834
Johannes Jacobus Gerhardus Labusc(h)agne (La Buscagne) in Cradock gebore 7-10-1834, gedoop 23-11-1834
Frederik Johannes Jacobus Labuschagne in Ladysmith gedoop 25-5-1837, oorlede 16-6-1881 op Vaalpoort, Harrismith/Warden
Casper Jeremias Labuschagne (Groot Casper, Kommandant/Senator) in distrik Ladysmith gebore 2-3-1838, gedoop 16-9-1838
Willem Adriaan Labuschagne (Kommandant) in Weenen of Pietermaritzburg gebore 28-1-1842, in Weenen gedoop 6-2-1842, oorlede 14-9-1878 in Escourt

Agtste Geslag (in Natal)

Frederik Johannes Jacobus Labuschagne in Pietermaritzburg 25-5-1857 getroud met
Anna Elizabeth Labuschagne (dogter van Jan Harm Labuschagne en Hilla Delvina du Plessis) gebore ongeveer 1838

Kinders:
Casper Jeremiah Labuschagne in distrik Ladysmith gebore 1-4-1858, gedoop 15-5-1858, oorlede 20-7-1932 op Jakkalskop, Heilbron
Pieter Labuschagne jong oorlede
Jan Hendrik Christoffel Labuschagne in Weenen gebore 9-7-1861, gedoop 19-1-1862
Frederik Jacobus Johannes Labuschagne in Weenen gebore 6-2-1863, gedoop 5-7-1863
Anna Susanna Debretta/Deboretta Labuschagne in distrik Ladysmith gebore 1-5-1865 en gedoop 21-1-1866
Barend Christoffel Labuschagne (Bennie/Blou Bêrend) in Weenen gebore 17-6-1867, gedoop 24-11-1867, oorlede 1939 op Sodas, Heilbron
Gerhardus Marthinus Labuschagne (Martiens)
Willem Adriaan Labuschagne
Susara Jacomina Labuschagne
Jacobus Labuschagne (Groot Koos)

Negende Geslag (in Oranje Vrystaat)

Casper Jeremiah Labuschagne in Weenen op 28-8-1882 getroud met
Maria Susanna Dorothea van Greuning (dogter van Johannes van Greuning en Carolina Ignasina Jordaan) gebore 21-7-1861, gedoop 24?-7-1861, oorlede 5-2-1952 op Jakkalskop, Heilbron

Kinders:

Frederik Jacobus Labuschagne (Klein Koos, Ouboet) gebore op Jakkalskop, Heilbron, 15-12-1883 (getroud met Hester (Hettie) Smit en later met Isabella (Bellie) Keyter)

Carolina Ignasina Labuschagne (Kerlina, Ousus, Outan) gebore op Jakkalskop, Heilbron, 24-4-1886 (getroud met Marthinus Petrus Wessel Maartens)

Jan Johannes Labuschagne gebore op Jakkalskop, Heilbron, 27-4-1888; oorlede 7-7-1919 (getroud met Catharina (Kitty) Steyn)

Anna Elizabeth Labuschagne gebore op Jakkalskop, Heilbron, 5-7-1889, oorlede in 1918 (getroud met Charles Petrus Malherbe)

Casper Jeremiah Labuschagne (Cassie) gebore op Jakkalskop, Heilbron, 20-10-1891 (getroud met Marthina (Tienie) Geyser)

Gerhardus Jacobus Albertus Labuschagne (Gert) gebore op Jakkalskop, Heilbron, 21-2-1894; oorlede 13-7-1960 (getroud met Johanna Catharina Maria (Hannie) Steyn, gebore in Brandfort 18-10-1893; oorlede 1-8-1985)

Barend Christoffel Labuschagne (Ben/Man) gebore op Jakkalskop, Heilbron, 16-9-1896, oorlede 12-5-1967 in Heilbron

Ignatius Michael Brooks gebore 5-1-1899, aangenome weeskind, oorlede 20-11-1901

Tiende Geslag (in Heilbron)

Barend Christoffel Labuschagne getroud in Heilbron 5-10-1920 met
Hester Maria Catharina Linde (dogter van Stefanus Lourens Linde [1873-1957] en Maria Glaudina van der Merwe [1871-1962]) gebore op McIvor, distrik Heilbron 26-4-1898, oorlede 2-5-1987 in Heilbron
Kinders:
Maria Glaudina Labuschagne gebore Jakkalskop, Heilbron, 2-2-1922, oorlede 15-8-1924
Maria Susanna Dorothea Labuschagne gebore op Jakkalskop, Heilbron, 6-11-1923, oorlede 21-8-1990 (getroud met Paul Zylka en later met Petrus Johannes de Bruyn)
Hester Maria Labuschagne gebore op Jakkalskop, Heilbron, 13-8-1925 (getroud met Jan Adriaan Albertus Abraham Stoop)
Berdina Christina Labuschagne gebore op Hoopwel, Heilbron, 14-4-1927 (getroud met Lucas Cornelis Viljoen)
Casper Jeremiah Labuschagne (Cas, Boet) gebore op Hoopwel, Heilbron, 4-4-1929
Stefanus Lourens Labuschagne gebore en oorlede op Hoopwel, Heilbron, 1931
Barend Christoffel Labuschagne gebore en oorlede op Hoopwel, Heilbron, 1931
Carolina Ignasina Labuschagne gebore op Hoopwel, Heilbron, 20-11-1932, oorlede 26-2-2014 in Moorreesburg (getroud met Johannes (Hannes) Pretorius)
Maria Glaudina Labuschagne gebore op Hoopwel, Heilbron, 4-5-1934 (getroud met Gerhardus Rossouw)
Anna Elisabeth Labuschagne gebore op Hoopwel, Heilbron, 15-8-1937 (getroud met John (Bill) van Rooyen)

Elfde Geslag (in Pretoria en Groningen)

Casper Jeremiah Labuschagne in Pretoria 6-12-1952 getroud met
Helena Alida Spruijt (Lenie, dogter van Gerard Spruijt en Geertruida van der Spuij) gebore 5-2-1931 in Heemstede, Nederland

Kinders:

Barend Christoffel Labuschagne (Bart) gebore in Pretoria 28-4-1962, gedoop in Brixton, Johannesburg, 4-9-1962
Gertruida Johanna Christina Labuschagne (Trudy) gebore in Pretoria 26-9-1963 en gedoop 1-12-1963

Twaalfde Geslag (in Nederland)

Barend Christoffel Labuschagne in Haren, Nederland, getroud 20-5-1988 met
Maria Frederika Agnes van Hoffen (Marieke, dogter van Korstiaan van Hoffen en Janke Bosch) gebore in Zwolle 6-6-1963

Kinders:
Janke Elizabeth Labuschagne (Lisanne) gebore in Groningen 4-12-1991, gedoop in Zuidlaren 12-1-1992
Helena Alida Labuschagne (Heleen) gebore in Leiden 21-2-1994, gedoop 17-4-1994
Maria Johanna Labuschagne (Marjolein) gebore in Leiden 17-8-1996, gedoop 1-12-1996

Bart is geskei op 23-8-2011 en getroud op 15-7-2016 met **Adriana Martina Johanna van Geffen** (Anja, dogter van Hendrik van Geffen en Adrie Rademakers) gebore 21-3-1966 te Ammerzode

Gertruida Johanna Christina Labuschagne in Groningen getroud op 5-6-1989 met
Johannes Berend Thomas Kruiger (Johan, seun van Frans Kruiger en Wilmina Jantje Mulder) gebore in Ulrum 8-6-1962

Kinders:
Alida Hester Kruiger (Lily) gebore in Groningen 14-10-1990, gedoop in Haren 21-4-1991
Johannes Frans Kruiger (Han) gebore in Groningen 3-9-1992, gedoop in Haren 13-12-1992

Dertiende Geslag (in Nederland)

Alida Hester Kruiger (Lily, 14-10-1990) x Karina Smits
Janke Elizabeth Labuschagne (Lisanne, 4-12-1991) x Thomas van Noort
Johannes Frans Kruiger (Han, 3-9-1992) x
Helena Alida Labuschagne (Heleen, 21-2-1994) x Tjerk Opstal
Maria Johanna Labuschagne (Marjolein, 17-8-1996) x Pascal Beij